higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N6

(Tweede vraestel)

(9090176)

9 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

272Q2J2109

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N6
(Tweede vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
3. Beantwoord slegs DRIE vrae in AFDELING B.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

regressie; etiese gedrag; ontkenning; liggaam en gees; aanvaarding; isolasie; persoonlikheid; angs; volwassenheid; bioterugvoering

1.1.1 Stel jou in staat om fisiologiese aktiwiteite aan te pas om gesondheid te verbeter

1.1.2 Weier om siekte te aanvaar

1.1.3 Kan moeilike gedrag by pasiënte tot gevolg hê

1.1.4 Terugval na 'n vroeër stadium van ontwikkeling

1.1.5 Onnatuurlik vir mense

1.1.6 Deurlopende interaksie

1.1.7 Die vermoë om sinvol op die omgewing te reageer

1.1.8 'n Produk van oorerwing en omgewing

1.1.9 Gedrag wat deur 'n groep goedgekeur word

1.1.10 'n Menslike behoefte

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Siekte beïnvloed 'n pasiënt se belewenis van tyd.

1.2.2 Angs kan die intensiteit van pyn verminder.

1.2.3 Depressiewe mense kan pyn beter hanteer as ander.

1.2.4 'n Begrip van persoonlikheid help ons om ander se gedrag te verstaan.

1.2.5 Sedes en waardes is oorerflik.

1.2.6 Volwassenes sal nie vir hulself lag nie.

1.2.7 Geluk is afhanklik van interpersoonlike verhoudings.

1.2.8 Selfmoord is om opsetlik jou eie lewe te neem.

1.2.9 'n Hospitaal is gewoonlik 'n plek wat kinders bang maak.

1.2.10 Verstandelike agteruitgang is algemeen by adolessente.

(10 × 2) (20)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Gee SEWE voorbeelde van daaglikse aktiwiteite waarmee 'n liggaamlik gestremde pasiënt hulp benodig. (7)

2.2 Wat kan 'n pasiënt doen om die diagnose van 'n siekte te aanvaar? (8)

2.3 Vergelyk *sielkundiges* met *psigiaters.* (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Noem SEWE faktore wat 'n rol speel in die ontwikkeling van individuele verskille tussen mense. (7)

3.2 Beskryf die toepaslike hantering van 'n moeilike volwasse pasiënt. (8)

3.3 Watter vrese kan 'n adolessent hê vir hospitaalverblyf? (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Noem SEWE algemene metodes van selfmoord. (7)

4.2 Wat kan ouers of versorgers doen om 'n kind met aangebore ongevoeligheid vir pyn te beskerm? (8 × 1) (8)

4.3 Wat is die voordele van groepsterapie? (5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem SEWE soorte psigiatriese middels of prosedures. (7)

5.2 Hoe kan individue selfmoordsyfers in gemeenskappe verminder? (8 × 1) (8)

5.3 Op watter maniere kan hospitaalverblyf 'n bejaarde sielkundig beïnvloed? (5 × 1) (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou